

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van:

Universiteit:

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting:

Titel van proefskrif of Verhandeling:

Datum van afhandeling:

Uitslag:

Voordat 'n testament as 'n regsgeldige dokument aanvaar word, moet die dokument voldoen aan sekere formele vormvereistes. Hierdie vereistes word voorgeskryf in artikel 2(1) van die *Wet op Testamente* 7 van 1953. Indien 'n testament nie aan hierdie vereistes voldoen nie, is die testament *ab initio* nietig. Wat die inhoud van die dokument betref, moet daar minstens een testamentêre bemaking wees. Ingevolge artikel 4 van die *Wet op Testamente* moet 'n testateur ten tyde van die verlyding van die testament beskik oor die nodige testeerbevoegdheid, wat onder meer die nodige verstandelike vermoë insluit. Ten einde 'n geldige testament te maak, word verder vereis dat die testateur ook oor die nodige *animus testandi* beskik. Onsekerheid het ontstaan oor wat die status van 'n dokument is indien dit nie aan die vormvereistes van artikel 2(1) voldoen nie, maar wel 'n testamentêre bemaking bevat.

Die wetgewer het hierop gereageer deur artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* te promulgeer as 'n sogenaamde "reddingsbepaling", waardeur nievoldoening aan die formele vormvereistes gekondoneer en die dokument as 'n geldige testament aanvaar kan word. 'n Praktiese probleem het ontstaan oor die status van 'n selfmoordbrief in die konteks van die testate erfreg in gevalle waar 'n persoon bloot 'n selfmoordbrief skryf waarin ten minste een testamentêre bemaking vervat is. Die vraag was dus of 'n testateur wat selfmoord pleeg, onmiddellik voordat hy/sy dit doen, oor die nodige testeerbevoegdheid en oor *animus testandi* beskik, veral indien 'n dokument nie aan die vormvereistes voldoen nie, en of so 'n selfmoordbrief deur kondonasië van nievoldoening aan die vormvereistes, aanvaar kan word as 'n geldige testament kragtens artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.

Daar sal afdoende deskundige en mediese getuïenis voor die hof gelê moet word om die verstandelike vermoë van die testateur te bepaal. Die bewyslas is swaar aangesien dit moeilik is om die stand van die denkvermoë van 'n persoon op 'n bepaalde tydstip te bepaal.¹

Ná afloop van hierdie studie word bevestig dat dit uit die huidige posisie blyk dat 'n selfmoordbrief wat nie aan die formele vormvereistes van 'n geldige testament voldoen nie, wel as 'n geldige testament bekragtig kan word indien dit aan al die vereistes van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* voldoen en dat die testeerbevoegdheid van 'n testateur in hierdie bekragtigingsproses nie ter sake is nie. Die deurslaggewende vereiste is die *animus testandi* van die testateur dat die selfmoordbrief as sy/haar testament moet dien.